Takaand gehou te Koos Kruger Skietbaan op 16-10-2019 om 18:00

1. Oom Daan open met gebed en Hendrik heet almal welkom.

2. Alle lede teenwoordig vul tablet in by oom Daan.

3. Lief en Leed – Wimpie Brits se vader is oorlede asook oom Cas Bester en oom Dirk Badenhorst.

4. Verskonings vir takaande word nie aangeteken nie, die lys is langer as presensie lys.

5. Finansies – Thomas het hierdie jaar se Finansies voorgelê. Inkomste en uitgawes is bespreek. Hy sal die einde van Oktober al Louis se papierwerk by hom kry. Ons gaan die bruin tent op tender uitsit. Kommunikasie sal uitgestuur word. Daar is ’n reserwe prys.

6. Opleiding en Trofee – Johan gee terugvoering oor opleiding en dat dit klaar is vir die jaar en vra dat lede asb. hul trofee wat hul geskiet het moet laat meet. Hul kan hom kontak asb.

7. Skietdae - Hendrik verduidelik die nuwe beleid en verduidelik dat persone wie die Skietbaan bespreek en gebruik en die register invul dit ook kan log op hul profiele. Dit tel ook vir toegewyde status. Lede moet ook asb. terugvoering aan bestuur gee oor die nut van gereelde skietdae en die noodsaaklikheid daarvan. Ons wag ook op terugvoer van HK in die verband.

8. Admin – Hendrik versoek die lede om te kyk of hom in te lig van ’n dame wat bereid sou wees om admin te behartig en om tablet te onderhou en te log.

9. Veiligheidsareas by die hek en op die 100m baan sal opgerig word na dit genoeg gereën het om grondboor te kan gebruik.

10. Esme Grobler het aangebied om uit te vind wat die kostes sal wees om noodhulp kursus aan te bied vir diegene wie sou belangstel. Frank maan ons ook dat daar wetlike aspekte rondom verleen van noodhulp is. Hendrik is bewus daarvan en dit sal ook op so ’n kursus aangespreek word. Hendrik het ons mee gedeel dat ons skietkoördineerder Pieter Langenhoven ’n opgeleide noodhelper is. Pieter Langenhoven kon nie die vergadering bywoon nie, hy moes sy dogtertjie hospitaal toe neem.

11. Oom Daan vra dat lede die baan register op die voor en agterkant invul wanneer hulle die baan betree en nie wanneer hulle uitgaan nie. Sogenaamde toeskouers wie dan ook skiet moet betaal en alle persone wat die baan betree moet die register teken. Van 1 dag oud tot 100 jaar oud. (of hul voogde)

12. Hendrik vermaan die lede wie nie hul status bedien het nie dat daar nog 1 skietdag oor is tot en met einde Oktober, of hul moet die baan op 3 geleenthede besoek en skiet. Slegs 179/208 TJ voldoen, 131/171 TS voldoen en net 33/83 BO het hul 3 dienste gedoen.

13. Mark bied ’n wilduitkenning skyfie vertoning aan. Paar lede spreek hul dank en waardering uit agterna.

14. Hendrik sluit af net na 19:20.

15. Van die lede braai saam en vertrek om ongeveer 21:00.

16. Tenders vir die Bruin 5x5 Tent met kant seile kan na Thomas gestuur word by thomas@tvsca.co.za sluitingsdatum is 30 November 2019.